

Onderhoud met Cobus van Bosch

Cobus van Bosch, KKNK Sasol Katalogus, Maart, 2004

Fotograaf, maar ook kunstenaar en vrydenker. Dis Lien Botha, vanjaar se feeskunstenaar by die tiende Klein Karoo Nasionale Kunstefees. In 1997 is sy op amper soortgelyke manier by die Grahamstadse Kunstefees vereer toe sy daar as die Standard Bank Jong Kunstenaar vir Visuele Kunste aangewys is.

As 'n kunstenaar wie se werk gereeld die verband tussen word en beeld ondersoek, asook tussen die landskap en die menslike ervaring, bied sy vanjaar 'n reeks foto's onder die titel *Groot Inkleurboek: Safari*. Deur die onskuld en pret van inkleurboeke as vertrekpunt te neem, word die kyker geneem op 'n reis deur nie net die landskappe van Suid-Afrika nie, maar bied die werke ook sleutels tot 'n verhaal van skepping, verandering en ervarings van die Suid-Afrikaanse verlede en werklikhede.

Wat stel jy ten toon, en wat is die idée daaragter?

Safari bestaan uit 16 werke - lyntekeninge wat digital gesuperponeer is op foto's van die uiteenlopende Suid-Afrikaanse landskap. Daar is ook sowat 1000 inkleurboeke wat 'n herhaling is van die 16 geraamde werke teen die muur. Die inkleurboeke dien as katalogus maar kan ook gebruik word om kinders mee besig te hou. Op 'n teenoorgestelde muur van die lokaal word klein werkies uitgestal, wat dien as kodes tot die groter werke en ook kriptiese inligting aandui soos by weerpatrone. Die tentoonstelling spruit uit eksperimentele werke wat vroer vanjaar geskep is.

Watter plekke het jy gekies en waarom? Is daar 'n deurlopende konsep of wys jy bloot die plekke wat jy die afgelope ruk besoek het?

Die landskappe is oor 'n tydperk van sowat 2 jaar versamel op reis na plekke soos Swartruggens, Victoria-Wes en Springbok. Dit eien die Suid-Afrikaanse landskap met sy verbysterende dualiteit. Dit is grotendeels verlate plekke, gedokumenteer met 'n ou Yashicaflex kamera wat onder meer die gevoel van vervlietendheid beklemtoon. Met die superponering van die lyntekeninge op die foto's word 'n skerp voorgrond geskep as 'n nuwe grens van die ou landskap. Plekke sluit in Loxton in die Noord-Kaap, Goegap in Namakwaland, Swartruggens in die Noord-wes provinsie, Middelpas naby Sutherland en dan min of meer die plek waar Ingrid Jonker die see ingeloo het.

Wat dink jy impliseer jou werk, of waarop reflekteer dit? 'n nuwe Sosiaal-politieke terrein?

Heel moontlik.

Wat is die inkleurprente wat jy op die foto's superponeer? Hou die spesifieke prente verband met die plekke wat uitgebeeld word, of is die assosiasies toevallig?

Oor 'n tydperk van sowat 4 maande het 'n reeks lyntekeninge ontwikkel om gestalte te gee aan 'n tydlyn wat sowel outobiografies as generies ontrafel. Die tekeninge is kripties en neem die plek in van die verteller. Dit is asof 'n mens 'n verhaal in gebare vertel - die teks is veronderstel om dieselfde gewig as die visuele inligting te dra. Die verhaal begin met 'n kontoerkaart - eers diere, plante, dan mense.

Vroer is die natuur as die biologiese beliggaming van God se gedagtes gesien. Elke plant of dier dra 'n boodskap en dikwels 'n waarskuwing van God oor aan die mens.

Impliseer die woord 'inkleurboek' in die titel dat die kyker 'n aandeel kan he in die invul(voltooing) van die werk? Dat individue die buitelyne van die hede en verlede kan inkleur volgens hul eie ervaring daarvan?

Inderdaad.

Die word '*Safari*' het vir sommige mense 'n bepaalde koloniale verbintenis. Bedoel jy met die insluiting van hierdie term 'n reis of ontdekkingsstog van 'n veranderende Suid-Afrikaanse omgewing? Indien wel, wat het jy persoonlik ontdek?

Safari is satiries. Dit is onder meer beduidend van die kolonialis se uitgediende rol, en dien ook as kitsgids vir die besoeker. Dit is 'n generiese dagboek.

Lees 'n mens die 16 titels van die werke van begin tot einde, vind jy 'n poetiese vertelling wat op vele vlakke vertolk kan word. Is dit toevallig?

Teks en 'n mate van dialiteit was nog altyd kardinaal tot my werk, en met *Safari* is die enting afgerond met woorde wat loop soos 'n soom, maar wat ook fragmentaries funksioneer binne die werk, soos in die titels 'Vreemde skepe bring vreemde tale' en 'Dekades bring swerwers van heinde en verre'.